Geliefde Lourensrivierder

Met gróót hartseer wat hierdie week aan ons deur kom klop het, het ‘n paar dinge weer vir my hernude betekenis gekry...
Tyd saam met jou hartsmense: MAAK tyd, dis kosbaar en kan nie gekoop word nie. Moenie uitstel nie, want ons weet nie wat more inhou nie.
Jou gesin en familie: Die wete dat jy deel is van ‘n groter prentjie, dit NOOIT oor jouself gaan nie en die saam stap deur dik en dun asook die feit dat jy verantwoordelik is vir ‘n uiters belangrike nalatenskap.
Toegewyde vriende: Dis hulle wat jou arms optel en regop hou waar jy eintlik voel om te bly lê. Dis hulle wat kos en bederf aandra dat daar nie meer plek is in jou yskas en koskaste nie. Dis hulle wat saam met jou bid, lag en huil. Moet nooit ware vriendskap as vanselfsprekend aanvaar nie. Vertroetel jou vriendskappe, waardeer en versorg mekaar.
Geloofsgemeenskap: Ons kerkvriende, wat opreg belangstel in ons wel en weë. ‘n Drukkie hier, ‘n bemoedigende woordjie daar.... Ons is bevoorreg om deel te wees van so ‘n geloofsgemeenskap♫
Ek haal ‘n gedeelte hieroor aan vanaf die Bybelkennis webtuiste (www.bybelkennis.co.za):
“Die lewe saam met ander gelowiges is ‘n integrale deel van ons Christelike geloof en die koninkryk van God. Jesus se gebed is dat sy kerk ‘n familie sal wees waarin verhoudings belangrik is. Dit moet ‘n gemeenskap wees wat vir mekaar bid, mekaar verantwoordelik hou en ondersteun in alle tye. ‘n Geloofsgemeenskap is nie ‘n gebeurtenis wat een of twee keer per week gebeur nie – dit gaan oor ‘n lewe saam. Dit gebeur ongelukkig nie outomaties nie – dit vereis werk. Die geloofsgemeenskap bestaan nie in ‘n lugleegte nie. Die wêreld hou ons dop. Die kultuur van ons gemeente kan mense aantrek of afskrik. ***‘n Geloofsgemeenskap is nie ‘n gebeurtenis wat een of twee keer per week gebeur nie – dit gaan oor ‘n lewe saam. Dit gebeur ongelukkig nie outomaties nie – dit vereis werk”***

Ek sê dit gereeld... wees jy die verskil wat jy in die wêreld wil sien....

NUUSKRUMMELS: 22 November 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

DINAMIET KIEDZ

Sondag, 25 November: Grootgroep

Sondag, 02 Desember: Afsluiting
Alle ouers word uitgenooi na ons piekniek-braai♫♫
Bring asb piekniekmandjie met eie eetgerei en drinkdingetjie.
Daar sal ‘n vuur aangesteek word, want ons gaan wors braai vir die kinders. Pappas is welkom om ook ietsie op die vuur te gooi

Moet asb nie ons **KERSSANGDIENS** misloop nie!♫♫

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP:

Greetings C4C-Supporter

I hope you are doing well?

#CERES OUTREACH FEEDBACK

We had an amazing Outreach in Ceres @ 5/6/7 October 2018. Lives were touched, both in the community and in the team, people were prayed for, we showcased the Jesus-Film on 2 different farms and we also had some fun with the kids on the farms.

Overall, this outreach was such a blessing and God really came to provide, bless and change!

#SINGAPORE

I am not sure if you know, but my wife and I have moved to Singapore and we will be here for 2 years. This doesn't mean that C4C will stop - we are bringing our bicycles to Singapore to cycle and I will still manage/organise events from here - we cannot stop working in the Kingdom of God - South Africa needs more and more of Jesus' love and kindness.

#REQUEST/SUPPORT NEEDED

I have had the privilege of being a Youth Leader for 10 years [this year marked my 10th year] and wow, when looking back, this has been a life-changing experience for me. I have witnessed so much in these 10 years and God has molded me in many ways. I am very passionate about the youth succeeding in life and making a further impact in this world.

The request that I have is that one of the Matrics of 2018 really wants to go and study at Pneumatix (www.pnxglobal.com) from 2019 - 2021. He doesn't have all the funds to go and study. I know that this is his passion and that he will make a success of his studies.

Here is the breakdown - which I received from Pneumatix:

He applied for the Performing Arts (Dance, Music & Drama) Triple Major course at Pneumatix.

Costs for the year (including accommodation) R 79 000.
Payments to be made as follows:
R 9000 - 30 November 2018
R 9000 - 12 January 2019
R79000 - R18000 = R61000/10 months
R6100 per month from the end of January until the end of October.

If you would like to help/support in any way or if you know of someone who would like to sponsor him - please let me know as soon as possible - as we need to pay his R 9000 by the end of November.

Thank you for taking the time to read this email and for your prayers, support and love.

Have a blessed day!

Regards,

Vinnie Favero
Founder/Leader - Cycling 4 Christ
c: 0834420082
e: info.cycling4christ@gmail.com

KNIEWERK

- Ons innige meegevoel met die Varley Familie met die heengaan van hul oumagrootjie, Hannah
- Ons innige meegevoel met Nico Mostert & familie met die heengaan van sy broer, Johan
- Ons innige meegevoel met Leon Strauss & familie met die heengaan van sy pa, Willie

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 25 NOVEMBER SE BOODSKAP: OPENBARING 1:4-8 (27STE WEEK IN KONINKRYKSTYD – DS PETRIE)

Komende Sondag is die laaste Sondag in die Koninkrykstyd. Die dag staan bekend as die "Sondag van Christus die Koning." Christus is die Koning, Hy is God, Hy is die Alfa en die Omega. Hy was, Hy is en Hy sal weer kom. God het in Christus na die aarde gekom, Hy het sigbaar geword in Christus. Hy, as die Seun het aan die kruis gely en gesterf. Hy is opgewek deur die krag van God. Hy het na die hemel opgevaar om saam met God te regeer en Hy kom weer. Christus is God.
Hy is Koning en ons aanbid Hom. Hy kom weer; juis ter wille van ons. Hierdie wete laat nie God se kinders onaangeraak nie. Aan die een kant herinner dit ons om elke dag gereed te wees vir sy koms en aan die ander kant dring hierdie wete ons om aktief vir Christus te leef en juis besig te wees om sy Koninkryk op aarde uit te brei deur ons lewe en ons verkondiging van sy Woord.
Die belangrike wat ons moet besef is dat Christus lewe, God lewe, God is nie dood nie. Ons moet vir onsself die vraag vra: "Wat beteken die Opstanding, Hemelvaart en Wederkoms van Jesus Christus, vir my as Christen?"
Die Alfa en die Omega: Die eerste en laaste letter van die Griekse alfabet (1:17; 2:8; 22:13) Dit beteken dat God in beheer van die geskiedenis is. Twee keer word die uitdrukking vir God gebruik (1:8; 21:6) en twee keer vir Christus (1:17; 22:13) Dit wys weereens op die hegte eenheid tussen die Vader en die Seun.
Hy is die Een wat was en wat is en wat kom: Vgl. 1:4 Die tittel hou verband met die "ek is" uitsprake van Jesus. Hy is die een wat die verlede, hede en toekoms beheer.
Die toekomsverwagting van die Christelike geloof is gerig op die wederkoms van Christus wat die voltooiing van die verlossingswerk bring. Daar is 'n onlosmaaklike verband tussen die Opstanding van Christus, sy Hemelvaart en sy sit aan die regterhand van God.
Die belangrikheid van Christus se wederkoms sien ons in die feit dat die Bybel meer as 300 keer daarna verwys – baie meer as na sy eerste koms na hierdie aarde. Daar is 366 beloftes in die Bybel i.v.m. die wederkoms – 1 vir elke dag van die jaar plus 1 vir die skrikkeljaar!

Wie is Jesus Christus vir jou en my in ons lewe van elke dag? Hoe beleef ons Hom en hoe leef ons Hom uit in die wêreld. Is Hy regtig my Koning? Leef ek as 'n Koningskind? Wys my lewe dat God in beheer van die wêreld is, deur die manier wat ek leef en praat, ten spyte van alle negatiewe woorde en dinge wat ek elke dag beleef? Getuig van my lewe dalk van 'n God wat dood is? Praat ek maar saam met die negatiewe uitsprake en doen ek ook maar die negatiewe dinge waarmee ons daagliks gekonfronteer word?

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier